WEIDING- & RUVOERTEKORT WAT NOU?

Dr. Jasper Coetzee Pr.Sci.Nat. (Anim.Sci.) Ph.D. (Agric.) Stellenbosch
Professionele Veekundige (400328/83); Skaapvoeding- en Bestuur-spesialis Konsultant:
076 846 8800, jasperco@iafrica.com
Dr. Joubert Nolte Ph.D.(Agric) Pr.Sci.Nat. (400084/03)
082 419 6588, joubert.nolte@meadowcape.co.za

MEADOW
Meer as net voer

Meadow Droogtekorrels bied 'n welkome uitkoms waar beperkte of geen weiding en ruvoer beskikbaar is nie. Meadow Droogtekorrels kan in kombinasie met ander Meadowprodukte gevoer word om in herkouers se totale voedingsbehoeftes te voorsien.

Agtergrond

- 'n Weiding- en ruvoertekort is tans besig om teen 'n skrikwekkende tempo in die gebied vanaf Calvinia tot by Mosselbaai te ontwikkel. Hierdie toestand het tot 'n skerp styging in die ruvoer bronne se pryse aanleiding gegee. Grondboon-hooi word tans ten duurste van die binneland aangery.

Is daar 'n oplossing?

- Meadow Voere het met 'n innoverende oplossing vir hierdie situasie vorendag gekom met die vervaardiging van 'n veelsydige en ureumvrye droogtekorrel.

Eienskappe en gebruike van Meadow Droogtekorrels

- Meadow Droogtekorrels bevat 'n verskeidenheid van ruvoerbronne, graan- en natuurlike proteïenbronne asook 'n mineraal- en vitamien-voormengsel om 'n gebalanseerde produk daar te stel wat vir alle klasse herkouers tydens 'n weiding-en ruvoerskaarste gevoer kan word.

Meadow Droogtekorrels

- Hierdie produk kan teen 'n ad lib.- of beperkte voedingspeil gevoer word soos benodig.
- Meadow Droogtekorrels is beskikbaar in 'n 10 mm-korrelgrootte wat dit gerieflik maak om vir beide skape en beeste te voer.
- Weens die relatiewe hardheid van Meadow Droogtekorrels kan dit sonder enige probleme op die grond in 'n lang streep gevoer word sodat alle diere gelyktydig daartoe toegang het wat die nodigheid van voerbakke uitskakel.

- Weens die unieke samestelling van Meadow Droogtekorrels is dit uiters geskik om as ruvoer bron en "rumenvuller" vir speenkalwers, skape en lammers te dien met inname in 'n voerkraal veral waar hierdie diere glad nie voer ken nie.

Bestuur- en voedingstrategie tydens weiding-skaarste

- Alle oortollige diere soos slaglammers en -kalwers; ooie en koeie wat oorgeslaan het asook dié wat gelam of gekalf het, maar nie 'n lam of 'n kalf gespeen het nie, moet so gou moontlik afgerond en bemark word.
- Meadow Droogtekorrels word as plaasvervanger van weiding of ruvoer gevoer en vir reproduserende diere word dit met spesifieke Meadow produkte, afhangend van die fisiologiese stadium van die dier, aangevul.
- In hierdie stresvolle toestande is dit van kritieke belang dat 'n doeltreffende gesondheid en siektebeheer program gevolg word.

Voeding van lammerooie tydens weiding- en ruvoerskaarste

- Laatdragtige en lakterende ooie moet saam met Meadow Droogtekorrels ekstra deurvloeiproteïen in die vorm van Meadow Lambing Lick gevoer word om optimale geboortemassa, uierontwikkeling, bies- en melkproduksie te verseker.
- Meadow Droogtekorrels word teen ongeveer 2 tot 3 % van liggaamsmassa gevoer plus Meadow Lambing Lick teen 300 tot 350 g Meadow Lambing Lick/ooi/dag. Vir ooie met tweelingfetusse of tweelinglammers en ooie wat skraal is, kan addisioneel nog 150 tot 200 g grane of lupiene bygevoer word.
- 'n Alternatiewe opsie is om slegs Meadow Ooikorrels vir hierdie klas ooie te voer.

Voeding van sogende lammers tydens weiding- en ruvoerskaarste

- Weens die uiters doeltreffende voeromsetting van jong lammers moet alles moontlik gedoen word om te verseker dat sogende lammers volgens hulle maksimum genetiese potensiaal groei. Om hierdie doelwit te verwesenlik, moet kruipvoer vanaf 10 dae ouderdom aan die sogende lammers voorsien word.
- Meadow Kruipkorrels is 'n hoë gehalte kruipvoer wat voldoende deurvloeiproteïen voorsien om lammers se spiergroei te optimaliseer terwyl die hoë energie-inhoud daarvan 'n hoë lamgroeitempo onderhou. Kruipvoeding kan lammers se groeitempo met tot 30 – 50 g/lam/dag verhoog waardeur lammers tot 30 – 50 dae vroeër gespeen kan word. Kruipvoeding is die mees betalende vorm van voeding weens die hoogs doeltreffende voeromsetting van die sogende lam (3.1:1).
- 'n Hoë lamgroeitempo met kruipvoeding is slegs moontlik indien kruipvoeding ad lib. aan sogende lammers met voldoende kruipbakvreetspasie (10 cm/lam) gevoer word. Hoe vinniger sogende lammers groei, hoe minder massa moet die lammers in die voerkraal aansit en dus hoe goedkoper is voerkraalafronding.

Meadow Droogtekorrels kan met welslae op die grond gevoer word.

Voeding van speenlammers tydens weiding- en ruvoerskaarste

- Lammers kan vroeg gespeen word wanneer hulle minstens 25 kg weeg en dan in 'n voerkraal afgerond word. In sekere omstandighede kan lammers reeds op 22 kg gespeen word. Die beste voedingstrategie is om hierdie lammers na 'n voerkraal te skuif en op ad lib. kruipvoeding te hou totdat hulle minstens 28 tot 32 kg weeg voordat na Meadow Volledige Skaap Afrondingsvoer oorgeskakel word.
- Eie of ingekoopte lammers wat geen kruipvoer ontvang het nie, kan met inname vir 3 tot 5 dae Meadow Droogtekorrels gevoer word en daarna vir 3 tot 7 dae Meadow Volledige Skaap Aanpassingsvoer waarna hulle op Meadow Volledige Skaap Afrondingsvoer tot bemarking afgerond word.

Vir meer inligting oor Meadowprodukte asook die beskikbaarheid daarvan, kontak
Nols Hanekom (072 413 7841, nols.hanekom@meadowcape.co.za) of
Bertie de Wet (082 784 5615, bertiedw@mweb.co.za)

meadowfeeds.co.za

MEADOW
Meer as net voer